

Die getuienis van Johannes die Doper (3:22-3:30)

Die getuienis van Johannes die Doper (3:22-3:30) – Francois Malan

3:22 Na die Paasfees in Jerusalem (2:13,23) en Jesus se gesprek met Nikodemus (3:1-21) gaan Jesus en sy volgelinge na die platteland van Judea. Teenoor Johannes die Doper se doopwerk, begin Jesus se groep (4:2) ook mense doop. Daarmee sluit Jesus by Johannes die Doper se werk aan (in die ander drie Evangelies preek Johannes en Jesus ook albei: 'bekeer julle', vgl. Mt 3:2; 4:17). So gee Jesus sanksie aan die werk en prediking van die Doper, en verleen Hy gesag aan Johannes se getuienis in die volgende verse.

3:23 Johannes doop nog, maar nou by Enon ('fontein') naby Salim ('vrede'), waarskynlik in die suide van Galilea (Skitopolis, die ou Betsan?) en nie meer by Betanië oorkant die Jordaan nie (1:28). Johannes doop blykbaar op 'n plek waar daar 'n aantal fonteine was – 'baie waters' (NAV water). Jesus se dissipels doop in Judea (3:22).

3:24 Volgens Johannes het Jesus en Johannes 'n tyd lank albei opgetree. Volgens Matteus 4:12,17; Markus 1:14 het Jesus se bediening begin nadat Johannes in die tronk was. Johannes bring hier 'n aanvulling by die gegewens van die ander Evangelies, van 'n bediening van Jesus in Judea voordat Hy in Samaria en Galilea gaan werk (hfs.4).

3:25 Die woordewisseling gaan oor die reiniging van sonde deur Jesus se doop en deur Johannes se doop. Waarskynlik is die Jood deur Jesus se dissipels gedoop, en hy sou dit beskou het as 'n beter doop as die doop van Johannes.

3:26 Johannes se dissipels is lojaal teenoor hom en jaloers op Jesus (almal gaan na Hom toe). Jesus trek blykbaar die skares, en Johannes se gehore word kleiner. Maar sy eie dissipels

beskou Johannes belangriker as Jesus, omdat Johannes eerste gedoop het, omdat Jesus self 'n dopeling van Johannes is, en dat Johannes oor Jesus getuig het. Hulle beskou Jesus se optrede as aanmatigend en 'n gevaar vir Johannes se bediening. [In Alexandrië en Efese was daar blykbaar groepe wat by die doop van Johannes vasgesteek het, vgl. Hand 18:24-25; 19:3. Later is Johannes deur hulle gekanoniseer, en tot in die 3e eeu n.C. was daar nog aanhangers van die Doper. Dié Evangelie bestry duidelik dié hoë opvatting oor Johannes met Johannes se eie getuienis oor homself, 1:26,27]

3:27 'Johannes het geantwoord en gesê: 'n mens kan nie op enigiets beslag lê (of verkry) as dit nie aan hom uit die hemel gegee is nie.' Daarmee verwys Johannes na sy opdrag om mense tot bekening te roep om die Lam van God te volg, en na die taak wat Jesus kom vervul as die Lam van God. Daar is by hom geen jaloesie omdat 'almal na Hom toe gaan nie' (v26). Dit is juis die doel van sy prediking. Dit gaan nie om hom, Johannes, nie. Hy is maar die 'stem wat roep in die woestyn' (1:27) wat die pad vir die Here kom voorberei. Dat mense Jesus begin volg is 'n gawe wat van God af kom. Dieselfde beginsel word deur Jesus vir Pilatus gegee in 19:11, vgl. Kor 4:6,7.

3:28 Johannes herinner hulle aan sy vorige woorde in 1:20,30, hy is slegs die voorloper van die Christus (Gesalfde) vir wie hulle moet volg as hulle koning, profeet, priester.

3:29 Om sy opdrag en gesindheid te verduidelik, gebruik Johannes die beeld van die 'vriend van die bruidegom' (strooijonker), die man wat die bruidegom en bruid aan mekaar voorgestel het en alles in gereedheid moes kry vir die bruilof. Hy staan wag by die bruidskamer en verheug hom oor die stem van die bruidegom. So is die begin van die openbare optrede van Jesus vir Johannes die vervulling van sy vreugde, en dat 'almal na Hom toe gaan' is die vervulling van Johannes se taak om die pad vir die Here reg te maak (1:23).

3:30 'Hy moet belangriker word (*auxanoo*: die woord wat gebruik word vir 'n plant wat ontkiem en groei) en ek minder belangrik

(*elattoomai*: van 'n plant wat kwyn en verlep)' – moet: dit is God se wil, sy raadsplan, en daarom verheug Johannes hom daaroor. Johannes is getrou in sy opdrag en in die nuwe bedeling met sy liefdevolle gelowige verering van sy Here. Die volgelinge van die 'vriend' moet nou ook die 'bruidegom' volg. Nou dat Jesus gekom het, het hy sy taak volvoer en moet hy van die toneel verdwyn, en hy doen dit met blydschap.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)